OMNIA BLY STRATEGIES GEPOSISIONEER OM VOORDEEL TE TREK UIT VERANDERENDE MARKTOESTANDE

Hersiene voorlopige resultate

vir die jaar geëindig 31 Maart 2010

Hoogtepunte:

- INKOMSTE DAAL MET 21% TOT **R8,8 MILJARD**
- WINS VIR DIE JAAR **R58 MILJOEN** (2009: WINS R491 MILJOEN)
- BASIESE VERDIENSTE PER AANDEEL **122,0 SENT** (2009: 1 097, 1 SENT PER AANDEEL)
- **STERK KONTANTGENERERING VAN R1 MILJARD** (2009: R143 MILJOEN AANGEWEND)
- **BEPLANDE R1,4 MILJARD BELEGGING** IN TWEEDE SALPETERSUURKOMPLEKS BEFONDS DEUR SKEP VAN EKWITEITSKAPITAAL EN SKULD

Sleuteldrywers:

- AFWAARTSE WAARDASIE VAN VOORRAAD
- NEGATIEWE MARKOMSTANDIGHEDE
- **23% VERSTEWIGING VAN DIE RAND TEEN DIE VS DOLLAR** SEDERT MAART 2009

OMNIA HOLDINGS BEPERK (In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer) Registrasienommer 1967/003680/06
JSE-kode OMN ISIN ZAE000005153 ("Omnia" of "die Groep")

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT
vir die jaar geëindig 31 Maart 2010

Rm	**Hersien 2010**	%	Geouditeer 2009
Voortbestaande besighede			
Inkomste	**8 827**	(21)	11 111
Koste van verkope	**(7 438)**	(18)	(9 045)
Bruto wins	**1 389**	(33)	2 066
Ander bedryfsinkomste	**77**	157	30
Administrasiekoste	**(487)**	(11)	(546)
Verspreidingskoste	**(674)**	5	(639)
Ander uitgawes	**(26)**	(24)	(34)
Bedryfswins	**279**	(68)	877
Finansieringskoste	**(217)**	6	(205)
Finansieringsinkomste	**44**	8	41
Aandeel in die na-belaste wins van geassosieerde	**3**		5
Wins voor belasting	**109**	(85)	718
Belasting	**(51)**		(227)
Netto wins vir die jaar	**58**	(88)	491
Toeskryfbaar aan:			
– Ekwiteitshouers van die Maatskappy	**56**		491
– Minderheidsbelang	**2**		–
	58		491
Basiese verdienste per aandeel (sent)	**122,0**	(89)	1 097,1
Ten volle verwaterde basiese verdienste per aandeel (sent)	**121,7**	(88)	1 052,7

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2010

Rm	**Hersien 2010**	Geouditeer 2009
Wins vir die jaar	**58**	491
Na-belaste ander omvattende inkomste		
Beweging in valuta-omrekeningsreserwe	**(228)**	127
Beweging in kontantvloeiverskansing	**(8)**	–
Totale omvattende (verlies)/inkomste vir die jaar toeskryfbaar aan:	**(178)**	618
Ekwiteitshouers van die Maatskappy	**(180)**	618
Minderheidsbelang	**2**	–
	(178)	618

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT

soos op 31 Maart 2010

Rm	Hersien 2010	%	Geouditeer 2009
BATES			
Nie-bedryfsbates	**1 944**	15	1 686
Eiendom, aanleg en toerusting	**1 295**	16	1 114
Ontasbare bates	**537**	4	517
Finansiële bates beskikbaar vir verkoop	**19**		1
Beleggings in geassosieerde maatskappye	**84**	110	40
Uitgestelde belasting	**9**	(36)	14
Bedryfsbates	**3 243**	(20)	4 071
Voorraad	**1 315**	(45)	2 391
Handels- en ander debiteure	**1 365**	(10)	1 521
Kontant en kontantekwivalente	**563**	254	159
Totale bates	**5 187**		5 757
EKWITEIT			
Ekwiteit toeskryfbaar aan eienaars van die maatskappy	**1 973**	(8)	2 139
Verklaarde kapitaal	**318**	58	201
Tesourie-aandele	**(8)**		(11)
Ander reserwes	**54**	(81)	286
Behoue verdienste	**1 609**	(3)	1 663
Minderheidsbelang in ekwiteit	**(2)**		(2)
Totale ekwiteit	**1 971**		2 137
LASTE			
Nie-bedryfslaste	**885**	12	789
Rentedraende lenings	**804**	20	670
Uitgestelde belasting	**80**	(32)	118
Voorsienings	**1**		1
Bedryfslaste	**2 331**	(18)	2 831
Handels- en ander krediteure	**2 166**	(9)	2 370
Korttermyn gedeelte van rentedraende lenings	**108**	59	68
Belasting betaalbaar	**2**	(90)	20
Bankoortrekkings	**55**	(85)	373
Totale laste	**3 216**		3 620
Totale ekwiteit en laste	**5 187**		5 757
Netto rentedraende skuld	**404**		952
Netto batewaarde per aandeel (Rand)	**42,40**		47,69
Kapitaalbesteding			
Depresiasie	**119**		101
Amortisasie	**23**		21
Aangegaan	**385**		258
Goedgekeur en gekontrakteer	**9**		9
Goedgekeur maar nie gekontrakteer	**420**		91

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT
vir die jaar geëindig 31 Maart 2010

Rm	**Hersien 2010**	Geouditeer 2009
Bedryfswins	**279**	877
Depresiasie en amortisasie	**142**	122
Aanpassing vir nie-kontantitems	**101**	54
Gegenereer/(aangewend) deur bedryfskapitaal	**805**	(744)
	1 327	309
Rente betaal	**(217)**	(210)
Rente ontvang	**44**	41
Belasting betaal	**(111)**	(283)
Gegenereer/(aangewend) deur bedrywighede	**1 043**	(143)
Kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite	**(464)**	(257)
Kontantinvloei uit finansieringsaktiwiteite	**180**	389
Dividende betaal	**(40)**	(96)
Netto toename/(afname) in kontant	**719**	(107)
Netto oortrekking aan begin van jaar	**(214)**	(103)
Uitwerking van wisselkoersbewegings	**3**	(4)
Netto kontant/(oortrekking) aan einde van jaar	**508**	(214)

SEGMENT ONTLEDING
vir die jaar geëindig 31 Maart 2010

Rm	**Hersien 2010**	%	Geouditeer 2009
Inkomste, netto van intersegment verkope	**8 827**	(21)	11 111
Chemikalieë	**3 340**	(26)	4 528
Mynbou	**1 776**	(16)	2 111
Landbou	**3 711**	(17)	4 472
Bedryfswins	**279**	(68)	877
Chemikalieë	**152**	(23)	198
Mynbou	**212**	(21)	269
Landbou	**(85)**	(121)	410

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN AANDEELHOUERSEKWITEIT
soos op 31 Maart 2010

Rm	Gewone aandeelhouersekwiteit: Ver-klaarde kapitaal	Tesourie-aandele	Ander reserwes	Behoue ver-dienste	Minder-heids belang	**Totaal**
Op 31 Maart 2008	201	(13)	127	1 268	(2)	**1 581**
Erkende inkomste en uitgawes						
Netto wins vir die jaar geëindig 31 Maart 2009				491		**491**
Toename in valuta-omrekeningsreserwe			127			**127**
Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe			32			**32**
Transaksies met aandeelhouers						
Tesourie-aandele verkoop		2				**2**
Gewone dividende betaal				(96)		**(96)**
Op 31 Maart 2009	201	(11)	286	1 663	(2)	**2 137**
Erkende inkomste en uitgawes						
Netto wins vir die jaar geëindig 31 Maart 2010				56	2	**58**
Afname in valuta-omrekeningsreserwe			(228)			**(228)**
Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe			49			**49**
Kontantvloeiverskansing			(8)			**(8)**
Transaksies met aandeelhouers						
Gewone aandele uitgereik ten opsigte van 3de vennootskapskema met bestuur	91		(45)	(44)	(2)	**–**
Kapitalisasie-uitgif	26			(26)		**–**
Tesourie-aandele verkoop		3				**3**
Gewone dividende betaal				(40)		**(40)**
Op 31 Maart 2010	**318**	**(8)**	**54**	**1 609**	**(2)**	**1 971**

ANDER RESERWES

Rm	**2010**	2009
Reserwes bestaan uit:		
Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**81**	77
Valuta-omrekeningsreserwe	**(22)**	206
Kontantvloeiverskansing	**(8)**	–
Netto diskonto voortspruitend uit verkryging van aandele van filiale	**3**	3
	54	286

REKONSILIASIE VAN WESENSVERDIENSTE

Rm	**Hersien 2010**	Geouditeer 2009
Netto wins vir die jaar toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers	**56**	491
Verlies met verkoop van vaste bates	**1**	–
Waardedaling van bates	**–**	3
Wesensverdienste	**57**	494

Wesensverdienste

Wesensverdienste 124,2 sent per aandeel (2009: 1 103,8 sent per aandeel)

Verwaterde wesensverdienste 123,8 sent per aandeel (2009: 1 059,1 sent per aandeel)

KOMMENTAAR

Aantekeninge

Rekeningkundige beleid

Die verkorte gekonsolideerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2010 is voorberei ooreenkomstig Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS), IAS 34 – Tussentydse Finansiële Verslagdoening, die AC500 standaarde soos uitgereik deur die Rekeningkundige Praktyke Raad, en voldoen aan die Noteringsvereistes van die JSE Beperk. Die verkorte gekonsolideerde finansiële state sluit nie al die inligting soos vereis deur IFRS vir volledige finansiële jaarstate in nie.

Die hoofbeleid wat gebruik is in die opstel van die resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2010 is konsekwent met dit wat toegepas is vir die jaar geëindig 31 Maart 2009, behalwe vir die aanvaarding van IAS 1 Hersien en IFRS 8 wat geen uitwerking op die resultate het nie, maar wel bykomende openbaarmaking vereis.

Dividende

'n Finale dividend van 150 sent per aandeel is op 18 Junie 2009 ten opsigte van die verdienste van die vorige finansiële jaar verklaar. Hierdie dividend word in die huidige jaar tot 31 Maart 2010 weerspieël.

Verbintenisse

Die toekomstige minimum huurbetalings ingevolge nie-kanselleerbare bedryfshuurkontrakte beloop R20 miljoen (2009: R17 miljoen) binne een jaar en R79 miljoen (2009: R22 miljoen) tussen twee en vyf jaar, en R9 miljoen (2009: R1 miljoen) later as vyf jaar, wat altesaam R108 miljoen (2009: R40 miljoen) bedra.

Klandisiewaarde

'n Jaarlikse waardedalingstoets is op 30 September 2009 op die saldo van klandisiewaarde uitgevoer. Geen waardedalingsverliese het plaasgevind nie.

Hersieningsmening

Die Groep se ouditeure, PricewaterhouseCoopers Ing., het die verkorte gekonsolideerde finansiële inligting vir die jaar geëindig 31 Maart 2010 soos vervat in hierdie verslag, nagegaan. Hulle hersieningsmening is gedurende normale besigheidsure by die Groep se geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar.

BYKOMENDE INLIGTING

Rm	**Hersien 2010**	Geouditeer 2009
Finale dividend betaal per aandeel (sent) ten opsigte van vorige jaar*	**150**	117
Tussentydse dividend verklaar per aandeel (sent) ten opsigte van huidige jaar	**–**	100
Geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele ('000)	**45 904**	44 755
Geweegde gemiddelde aantal ten volle verwaterde uitgereikte aandele ('000)	**46 027**	46 643
Aantal uitgereikte aandele ('000)	**46 491**	44 809

** Sluit in 'n kapitalisasie-uitgif van 150 sent as 'n finale dividend vir die jaar. Aandeelhouers kon die keuse uitoefen om 'n kontantdividend van 145 sent in plaas van die kapitalisasie-uitgif te ontvang.*

Inleiding

Omnia is 'n gediversifiseerde spesialisverskaffer van chemiese dienste met gebalanseerde belange in die chemikalie-, mynbou-, en landboumarkte. Die Groep is in wese 'n kennisbesigheid wat sy toonaangewende intellektuele kapitaal en tegnologie aanwend om hom te diversifiseer van ander kommoditeits-chemikalieëverskaffers.

Al die Groep se sakesegmente (chemikalieë, mynbou en landbou) lewer steeds hoë waarde, pasgemaakte oplossings wat gebaseer is op 'n voortdurende groeiende kennisbasis. Omnia se unieke besigheidsmodel wat daarop gerig is om buitengewone waarde vir sy kliënte en hulle besighede te skep deur sy vermoë om kliëntebehoeftes te identifiseer en met toepaslike innoverende produkte en dienste te bevredig, plaas hom op die voorpunt van die chemiese dienstebedryf.

Marktoestande

Daar is in die aankondigings van Omnia se jaareindresultate in Junie 2009 en die tussentydse resultate in November 2009, melding gemaak van die sensiwiteit van die Groep se verdienste tot dalende kommoditeitspryse en die verstewiging van die rand.

Aangesien die veranderde aankooppatrone van die vorige finansiële jaar gelei het tot abnormaal hoë vraag deur die landbou in die eerste ses maande, was verkoopsvlakke in die tweede helfte van die vorige finansiële jaar beduidend laer. Die Groep het gevolglik teen Maart 2009 met beduidende kunsmisvoorrade gesit. Die daling in kommoditeitspryse wat gedurende die laaste gedeelte van die 2009 finansiële jaar begin het, het in die huidige jaar voortgeduur en, saam met die uitwerking van verdere rand-verstewiging, veroorsaak dat kunsmisvoorraad teen die September tussentydse periode met R350 miljoen afwaarts waardeer moes word. Kommoditeitspryse het verder skerp gedaal tot in die tweede helfte van die jaar, wat normaalweg die piek kunsmisseisoen is, terwyl die rand verder verstewig het.

Die algehele uitwerking van die daling in kommoditeitspryse, rand-verstewiging en laer vlakke van ekonomiese aktiwiteit as gevolg van die wêreldwye resessie, het veroorsaak dat al drie afdelings deur die uitdagings van 'n kombinasie van sagter volumes, prysdruk en swakker uitvoerpryse getref is. Die onvermydelike afname in verdienste wat gevolg het, vertoon nóg swakker wanneer dit vergelyk word met die ongekende lewendige marktoestande van die vorige 2009 finansiële jaar.

Die voortdurende sterk rand bly steeds een van die grootste bydraers tot die swakker finansiële prestasie van die Groep in die korttermyn, en al drie besigheidseenhede, te wete chemikalieë, mynbou en landbou, word hierdeur negatief beïnvloed. Die sterkte van die rand het ook 'n negatiewe uitwerking op die Groep se klante, veral dié in die Chemikalie-afdeling, wat self onmededingend is in uitvoermarkte en moet meeding met goedkoop ingevoerde klaarprodukte in die plaaslike mark.

Alhoewel verkoopsvolumes in die tweede helfte van die 2010 finansiële jaar verbeter het, het die volgehoue sterkte van die rand, die afwaartse waardasie van voorraad en 'n aandeel-gebaseerde vergoedingskoste van R41 miljoen wat hoofsaaklik verband hou met die twee nuwe aandeelddeelnameplanne wat in Januarie 2010 in werking gestel is, veroorsaak dat die Groep se verdienste vir die jaar slegs R58 miljoen (2009: R491 miljoen) beloop.

Finansiële oorsig

Inkomste vir die jaar het met 21% tot R8,8 miljard (2009: R11,1 miljard) gedaal en, ná die aanvanklike afwaartse voorraadaanpassing van R350 miljoen en verdere afwaartse prys bewegings, het netto wins vir die jaar met 88% tot R58 miljoen (2009: R491 miljoen) afgeneem. By inkomste word ingesluit 'n bedrag van R50 miljoen uit die verkoop van die eerste deel van 400 000 koolstofkrediete. Netto produksiekoste vir hierdie koolstofkrediete beloop R7 miljoen.

'n Eis vir verlies in wins ten opsigte van aanlegdefekte in die vorige jaar ten bedrae van R32 miljoen word by die R77 miljoen se ander bedryfsinkomste ingesluit.

Administratiewe uitgawes het met 11% tot R487 miljoen (2009: R546 miljoen) afgeneem terwyl verspreidingskoste met 5% tot R674 miljoen (2009: R639 miljoen) verhoog het.

Finansieringskoste van R217 miljoen (2009: R205 miljoen) bestaan uit rente betaal, valutawinste en -verliese en vooruitdekkingskoste. 'n Kombinasie van laer rentekoerse en laer waardes van bedryfskapitaal wat befonds moet word, het rentekoste met 12% tot R185 miljoen (2009: R210 miljoen) verlaag terwyl wisselkoersverliese van R23 miljoen (2009: R5 miljoen wins) op buitelandse bankrekenings gely is.

Winste is beïnvloed deur nie-aftrekbare belastingitems wat hoofsaaklik bestaan uit, onder andere, nie-kontant aandeelgebaseerde vergoeding van R41 miljoen en 'n verdere R32 miljoen wat aangegaan is ten opsigte van nie-belastingaftrekbare rente uit die befondsing van die verkryging van aandele in Zetachem, wat gelei het tot die hoë effektiewe belastingkoste van 47%.

Verklaarde kapitaal het met R117 miljoen tot R318 miljoen toegeneem na aanleiding van die aandele-uitgif aan bestuur kragtens die derde vennootskap met bestuurskema, die bereiking van die vyf-jaar teiken teen finansiële jaareinde 2009, asook die kapitalisasietoekenning wat gedurende die jaar plaasgevind het. Die verstewiging van die rand het veroorsaak dat die valuta-omrekeningsreserwe negatief aangepas moes word met R228 miljoen, wat die hoofrede is vir die verlaging in ander reserwes tot R54 miljoen (2009: R286 miljoen) en gevolglik ook die hoofrede vir die R166 miljoen verlaging in totale ekwiteit tot R1 971 miljoen (2009: R2 137 miljoen).

Ontasbare bates het met R20 miljoen toegeneem as gevolg van die verkryging van Petroleum Fine Products, 'n produsent van basiese persoonlikesorg bestanddele, petroleumjellie en tegniese olie, en die kapitalisasie van rekenaarstelsels se implementeringskoste. Beleggings in geassosieerde het met R44 miljoen tot R84 miljoen (2009: R40 miljoen) gegroei hoofsaaklik as gevolg van die aangaan van 'n geassosieerde onderneming met Nalco, 'n wêreldleier op die gebied van waterbehandeling.

Die daling in kommoditeitspryse en die relatiewe hoë hoeveelheid voorraad wat oorgedra is vanaf die vorige jaar het veroorsaak dat netto bedryfskapitaal met 67% tot R514 miljoen (2009: R1 542 miljoen) afgeneem het, wat baie bygedra het tot die kontantgenerering uit bedrywighede van R1 043 miljoen (2009: R143 miljoen aangewend) soos weerspieël in die kontantvloeistaat.

Kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite het met 81% tot R464 miljoen (2009: R257 miljoen) toegeneem waarvan R309 miljoen die netto belegging in eiendom, aanleg en toerusting verteenwoordig, met die res wat hoofsaaklik bestaan uit korporatiewe aktiwiteit as gevolg van die verkryging van Petroleum Fine Products en Protea Polymers Oos-Afrika, en die geassosieerde onderneming met Nalco.

Die uitstekende kontantgenerering het veroorsaak dat netto rentedrende skuld tot R404 miljoen (2009: R952 miljoen) afgeneem het, wat lei tot 'n skuld:ekwiteitverhouding van 20% in vergelyking met die 45% aan die einde van die vorige jaar.

Nie-bedryfs- rentedraende lenings het met ‘n netto R134 miljoen tot R804 miljoen (2009: R670 miljoen) toegeneem met die inspuiting van termynlenings as gevolg van die ExecCo (Nanotron) en Sakhile II transaksies wat verband hou met die bestuurs- en personeeldeelname-planne wat op 11 Desember 2009 deur aandeelhouers goedgekeur is.

Bedryfsoorsig

Chemikalieë

Protea Chemicals is die toonaangewende verspreider van spesialiteits-, funksionele en effek-chemikalieë in suidelike Afrika met ‘n gevestigde teenwoordigheid in elke sektor van die chemiese verspreidingsmark.

Die Chemikalie-afdeling is beïnvloed deur die wêreldwye finansiële krisis en, net soos met die Landbou-afdeling, geraak deur beide ‘n verlaging in produkpryse asook die sterkte van die rand. Hierdie faktore was reeds teen die einde van die 2009 finansiële jaar sigbaar en het in die huidige jaar in so ‘n mate vererger dat voorraad waarde met R18 miljoen afwaarts aangepas is gedurende die oorsigjaar. Die sterkte van die rand het ook ‘n negatiewe uitwerking op Protea Chemicals se klante gehad wat hulle goedere nie-mededingend begin produseer het met die gevolg dat volumes verkoop aan hierdie klante in die 2010 finansiële jaar sowat 16% laer as dié van die vorige jaar was.

Inkomste het met 26% tot R3,3 miljard (2009: R4,5 miljard) gedaal met ‘n gepaardgaande verlaging in bedryfswins van 23% tot R152 miljoen (2009: R198 miljoen). Die bedryfswinsmarge het egter op 4.5% gebly.

Mynbou

Die wêreldwye finansiële krisis het ook die Mynbou-afdeling beïnvloed waar die prys van plofstowwe, met ammoniumnitraat as hoofbestanddeel, in die eerste helfte van FJ2009 gestyg het en daarna dramaties gedaal het in die laaste helfte van daardie jaar, terug tot op dieselfde vlakke van twee jaar gelede. Soos gemeld, het die sterkte van die rand ook mynbou negatief beïnvloed.

Inkomste het met 16% tot R1,8 miljard (2009: R2,1 miljard) afgeneem, hoofsaaklik as gevolg van die verlaging in pryse in teenstelling met dit wat gedurende die vorige finansiële jaar geheers het. Volumes het slegs marginaal verlaag.

Bedryfswins, op R212 miljoen (2009: R269 miljoen), is 21% laer as dié van die buitengewone 2009 jaar met die bedryfsmarge wat marginaal gedaal het vanaf 12.7% vir die jaar geëindig Maart 2009 tot 11.9% vir die oorsigjaar.

Die Mynbou-afdeling het te midde van hierdie omstandighede goed presteer.

Landbou

Daar was soos te wagte ‘n sigbare verbetering van 23% in verwagte volumes in die Suid-Afrikaanse plaaslike mark, in vergelyking met dit van die vorige jaar toe ‘n abnormale en onderdrukte kooppatroon onder die Groep se boerdery-klante ontwikkel het as gevolg van die buitengewoon hoë kunsmispryse gedurende die eerste helfte van die vorige finansiële jaar. Die daaropvolgende beduidende 35%-verlaging in gemiddelde kunsmisverkoopspryse het egter veroorsaak dat inkomste uit hierdie afdeling met 17% tot R3,7 miljard (2009: R4,5 miljard) gedaal het.

Die afwaartse waardasie van voorraad ten bedrae van R350 miljoen vóór die September tussentydse tydperk was die hoofrede vir die afdeling se bedryfsverlies van R85 miljoen vir die tydperk (2009: R410 miljoen wins). Kommoditeitspryse het egter voortgegaan om te daal tot op laer vlakke as dié van die September halfjaar en selfs tot in die piek somerseisoen, terwyl die rand eweneens steeds versterk het, met die gevolg dat voorraad met ‘n verdere R16 miljoen aangepas moes word. Die toename in verkoopsvolumes van die hoog-geprysde voorraad wat oorgedra is, was nie voldoende om die kombinasie van dalende pryse en rand-sterkte te oorbrug nie. Gevolglik het die tweede halfjaar net soos in 2009, weereens nie die tradisionele hoër verdienste binne die Kunsmisafdeling weerspieël nie, vergeleke met die eerste helfte.

Sowat sewe jaar sedert die aanvang daarvan, is daar steeds niks verder om te rapporteer oor die ondersoek deur die Mededingingskommissie na beweerde samespanningspraktyke in die

kunsmisbedryf nie. Verweer teen die beweerde teen-kompeterende gebruike teen Omnia het nie net beduidende regskoste meegebring nie, maar ook ‘n ontsaglike hoeveelheid van Groepbestuur se tyd in beslag geneem.

Vooruitsigte

Kommoditeitspryse verkeer nou op realistiese vlakke en is geleidelik besig om te styg in die lig van voortgesette vraag- en aanboddinamika.

‘n Uitgerekte 14-maande tydperk van dalende vervaardigingsproduksie het in Julie 2009 tot ‘n einde gekom met positiewe statistiek wat sedertdien sigbaar is. Dit beloof veel vir die Chemikalie-afdeling in besonder alhoewel ‘n volgehoue sterk rand baie van die voordele wat andersins uit die opwaartse tendens in vervaardiging behoort te vloei, sal teenwerk.

Die Mynbou-afdeling se resultate het geleidelik oor die afgelope paar maande van die huidige finansiële jaar verbeter namate die vraag na platinum, koper, ystererts en ander kommoditeite verhoog het terwyl steenkool steeds hoog in aanvraag is. Alhoewel dit stadig begin het, is uraniummynbou-aktiwiteit nou gereed om toe te neem. Die bestuur is vol vertroue dat hierdie afdeling in die komende jaar sal groei.

Die huidige landbou-omgewing, met sy fokus op biobrandstowwe, behoort die kunsmisbedryf en die Groep te bevoordeel. Soos voorheen aangedui, sal die verhoging van “Nitrophos” produksie aan die Landbou-afdeling die geleentheid bied om grondstofkoste verder te optimaliseer en gevolglik die afdeling se bedryfsmarges te verhoog. Voorts beloof die Landbou-afdeling se sterk posisie in Afrika veel vir toekomstige groei en die vooruitsig van hoër tonnemaat wat verkoop word.

Aandeelhouers is aanvanklik op 23 Oktober 2008 ingelig dat die direksie besig was om ondersoek in te stel na die moontlikheid vir Omnia om ‘n tweede salpetersuurkompleks op te rig om die groeiende tekort aan grondstowwe te verminder, veral vir sy groeiende mynbou-afdeling. Lewensvatbaarheidstudies is uitgevoer en die direksie het ‘n R1,4 miljard belegging en ‘n R1 miljard ekwiteitskeppingsprogram in die vorm van ‘n terugvorderings- en regte-aanbod goedgekeur.

Hierdie belegging is ‘n mylpaal vir die Groep en vir die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse kapasiteit om salpetersuur en ammoniumnitraat te produseer deur op eie bodem gebruik te maak van wêreldklas tegnologie. Dit is een van Omnia se grootste belegging tot op hede in Suid-Afrika en weerspieël die Groep se verbintenis tot Suid-Afrika se landbou- en mynbousektore, asook sy geloof in die krag van die groeigeleenthede binne hierdie besighede. Terwyl die belegging ‘n kritiese groeibaan sal skep, is dit ook ‘n belangrike stap om sekuriteit en kontinuïteit van ononderbroke verskaffing aan die Groep se plofstof- en kunsmisbesighede te verseker.

Die salpetersuurkompleks sal langsaan Omnia se bestaande aanleg, wat reeds vir geruime tyd teen kapasiteit bedryf word, ontwikkel word en sal sowat 1 000 ton per dag produseer, wat gelykstaande is aan 140% van die bestaande aanleg se kapasiteit. Na raming sal dit lei tot interne kostebesparings van bykans R280 miljoen per jaar (teen 60% kapasiteitsvlak).

Die R1 miljard ekwiteitskapitaalverkryging wat volskryf is wat Omnia-aandeelhouers se mosie van vertroue weerspieël, sal aangevul word deur ‘n kombinasie van intern-gegenereerde fondse en projekfinansiering. Hierdie struktuur laat Omnia met ‘n sterk balansstaat om geskikte groeigeleenthede, soos en wanneer dit voorkom, te finansier terwyl daar ook gewaak word teen verdere skommelings in finansiële markte wêreldwyd om sodoende die finansiële risiko’s verbonde aan so ‘n projek, beduidend te verlaag.

Dividende

Aangesien die behoefte bestaan om kapitaal vir bogenoemde uitbreiding te verkry, het die direksie besluit om nie ‘n dividend vir die jaar voor te stel nie.

NJ CROSSE
Voorsitter

RB HUMPHRIS
Besturende Direkteur

Bryanston

9 Junie 2010

STUDIO 5